

Dinsdag 26 Augustus

Skrifgedeelte: Esegïel 47:1-12

Fokusgedeelte: Esegïel 47:9, 12 (AFR83)

God laat water, wat lewe gee, uit die heiligdom stroom!

Die engel met die meetstok bring Esegïel by die ingang van die tempel. Hy sien water wat by die drumpel van die tempel uitkom. Die water loop deur die oospoort tot in die Dooie See. Hoe verder die water loop, hoe sterker en dieper word die stroom. Sommer gou vloei dit van enkeldiep tot 'n stroom waardeur 'n mens nie kan loop nie.

“Sien jy dit, mens?”: die stroom uit die heiligdom en die effek daarvan?

Op die walle van die stroom sien ons allerlei hoë bome. Die bome dra elke maand vrugte om te eet. Die blare verlep nie en bring genesing. Die stroom water uit die heiligdom bring en gee lewe vir plant en dier en mens. Die water van die stroom verander die Dooie See in 'n see wat lewe, 'n see vol vis. Waar die water kom, lewe alles!

In die water wat by die tempel uitloop, onkeerbaar verder stroom en lewe bring, sien ons die lewe wat die magtige teenwoordigheid van die Here bring (Eseg. 43:5-7). Sy troon is in die tempel, sy woning. Hier is Hy, die bron van alle lewe, by sy volk teenwoordig. Sy onkeerbare koningsheerskappy bring lewe vir plant en dier en mens.

Die Here Jesus bevestig en waarborg hierdie lewe (Joh. 10:10). Sy koms en sy koningsheerskappy bring 'n einde aan die tempel van die Ou Testament (Joh. 2:13-21). Deur sy liggaam, deur sy dood aan die kruis, rig Hy 'n nuwe tempel op. Die nuwe tempel kry gestalte in sy liggaam, sy kerk (Ef. 1:23; 2:20-22). Jesus, die Christus, is die bron van lewe. Hy is die bron van lewenswater (Joh. 4:14; 7:37-38). Hy gee lewe, die ewige lewe, vir elkeen wat in Hom glo (Joh. 3:14-16). Die stroom water wat uit die nuwe tempel, uit sy liggaam stroom, is onkeerbaar en bring nuwe lewe die hele wêreld oor. Die volheid van hierdie nuwe lewe sal in die nuwe Jerusalem deur gelowiges beleef word (Op. 22:1-2). Hier stroom die rivier met die water van die lewe uit van die troon van God en van die Lam. Hier staan die boom van die lewe wat elke maand vrugte dra. Sy blare bring genesing vir die nasies.

Sing: Skrifberyming 18-6:1, 4, 5
Ds. FM (Frederik) Dreyer (Noordrand)